Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 11 Oct 2018
Page: 27

AVE: 11334.66
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

# Geskorste Raisibe binnekort vervang

**Tinus van Staden**

Krieket Suid-Afrika (KSA) sal binnekort 'n plaasvervanger vir Raisibe Ntozakhe in die Protea-vrouekrieketspan vir die T20-Wêreldtoernooi in die Wes-Indiese Eilande aankondig.

Die Internasionale Krieketraad (IKR) het eergister in 'n verklaring gesê Ntozakhe is getoets en haar boulaksie onwettig bevind, aangesien sy haar arm meer as die toegelate 15 grade buig wanneer sy die bal aflewer. Sy mag nie in internasionale krieket boul totdat sy weer 'n toets afgelê en geslaag het nie.

Volgens KSA is Ntozakhe se boulaksie ná die eendagwedstryd teen die Windies op 16 September in Barbados na die IKR verwys. Sy het op 28 September 'n onafhanklike assessering van haar boulaksie by die Universiteit van Pretoria afgelê, waarna daar bevind is al haar aflewerings is strydig met art. 6.1.2 van die IKR se regulasies vir boulers.

Ntozakhe is vroeër by die groep vir die T20-Wêreldtoernooi ingesluit, maar moet nou vervang word. Dié toernooi vind van 19 tot 24 November plaas.

"KSA erken en respekteer die IKR se bevinding en het onmiddellike stappe gedoen om die speler te help om so gou as moontlik tot die speelveld terug te keer," lui KSA se verklaring.

Sy sal by KSA se Sentrum vir Uitnemendheid bly en nou met die hoëprestasiebestuurder, Vincent Barnes, saamwerk om haar boulaksie te herskep.

"Die tydsberekening van die kwessie vir Raisibe en vir ons T20-Wêreldtoernooi-groep is uiteraard sleg, maar ons moet die kwessie hanteer," sê Thabang Moroe, KSA se uitvoerende hoof.

KSA het 'n geakkrediteerde IKR-sentrum waar boulers se boulaksie getoets kan word.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.